BORGWARD KLUB S.A. CLUB

AD PERFECTIONEM

# Borgwardklub van Suid-Afrika, Suidelike Streek

# Borgward Club of South Africa, Southern Region

**July 2020**

# Foreword/Voorwoord

## Van die Voorsitter

Die werêld steier op die oomblik as gevolg van die virus en die nabye toekoms bly onseker. Ons is almal op risiko en dit is uiters belangrik dat ons sal hou by die voorskrifte vir goeie gesondheid en beskerming teen die wesenlike gevaar. En wees geduldig want die einde van die storie is nog lank nie in sig nie. Ons aktiwiteite bly dus opgeskort tot verdere kennisgewing. Hou asseblief aan om te kommunikeer d.m.v. ons Borgward Whatsapp groep.

Dit gaan andersins goed met ons klub en met al ons lede sover ons weet. Basie Geldenhuys was vir 'n ruk lank baie siek en ons is bly dat hy goed herstel het en weer voluit aan die gang is. Deon van Zyl se vrou Lizbe het 'n rugbesering opgedoen en ons vertrou dat sy volkome herstel het. In tussen het Hennie Potgieter ook deur diep water gegaan met die afsterwe van oorlede Pieter – sy broer en gewese lid van ons klub- se seun na wie hy vir meer as drie jaar lank omgesien het. Oom Laurie Claassen sterk ook tans aan na 'n operasie. Sterkte aan almal wat siekte en leed op die oomblik beleef.

Ons is baie opgewonde oor die feit dat ons ledetal toegeneem het met die aansluiting van drie jeugdige lede (Charl Bruce, Robbie Schepel (jnr) en my seun Willem) en die vooruitsig van nog twee wat ons onlangs by ons Concours ontmoet het nl. ML Geldenhuys en sy vrou Carla asook sy broer Gideon en vriendin Ansu. Ons sien uit daarna om hulle eersdaags amptelik te kan verwelkom as volwaardige lede. Terugvoering oor die Concours en ander onlangse byeenkomste verskyn elders in hierdie uitgawe.

Soos besluit op 'n vorige vergadering het ons 'n donasie van R1400 gemaak aan die Hopephil Trust, 'n organisasie wat kanker pasiënte ondersteun.

Ons briefhoof word tans hersien om adresse en telefoon nommers te vervang met ons webadres en facebook skakels. Die nuwe briefhoofde sal binnekort beskikbaar wees by John.

Sterkte aan almal wat die inperkingstyd gebruik om hulle Borgwards reg te kry vir volgende jaar se sestigste verjaardag vieringe. Pierrie het belowe dat sy Hansa klaar sal wees, ek maak goeie vordering met die bakkie en Japie van Rooyen werk aan verskeie projekte vir die geleentheid. Laat weet asseblief wie nog besig is met restourasies of opknappings en stuur vorderings verslae van tyd tot tyd met fotos.

Die risiko is daar dat die impak van die virus ons beplande program vir volgende jaar in die wiele kan ry. Ons glo en vertrou egter dat dit nie die geval sal wees nie.

Groete,

Louis

INSIDE THIS ISSUE


| | |
|---|---|
| Foreword | 1 |
| Kees en Evert geniet 'n Uitstappie | 2 |
| Tee saam met die Early Ford Car Club | 2 |
| Uitstappie na Paarl de Ville | 3 |
| Technical Tips | 3 |
| Ons hou Concours | 4 |
| Foto's van Concours | 4 |


BORGWARD

# Kees en Evert geniet ’n Uitstappie

Op Vrydag 17 Februarie is ons soos gewoonlik Tygervallei winkelsentrum toe vir ons weeklikse inkopies. 'n Belangrike “item”, op die inkopieprogram is om 'n koppie koffie met 'n soetigheidtjie te drink by 'n "roastery," waar altyd 'n groepie mans bymekaarkom, onder andere. een van hulle wat ‘n mooi ou Volvo het. Daar sê ek toe ons gaan Saterdag oggend met die Coupé bietjie Kaapstad toe ry na Crossley & Webb - 'n plek waar mooi klassieke en nuwer "upmarket" karre verkoop, asook gestoor word. 'En hulle het 'n koffiekroeg! Vrydagmiddag was ek die Coupé, en Saterdag oggend staan hy 'n rukkie op my inrypad voor die hek, toe die akteur André Jacobs verby kom as deel van sy oggendlopie. Hy moes sy wandeling onderbreek om na die mooi kar, wat hy nie ken nie, te kyk en fotos te neem. Toe ons by Crossley & Webb kom, staan die Volvo ook daar. Ons het lekker gekuier rondom 'n koppie koffie. Daarna het ons die karre bekyk - Ferrari’s, Porsches, ’n mooi ou Beetle en 'n Pagoda. Op pad terug via Kampsbaai nog ‘n lekker roomys geëet in Seepunt, met duime in die lug en hoeters soos ons ry.

Die Sondag na kerk het ons met die Borgward Stellenhosch toe gery om te gaan eet. Toe ek Evert by die restaurant aflaai, kom ‘n man van oorkant die straat na ons toe en sê hy “admireer die kar”. Die man is toe ons eie Laurie en Helmine Claassen se seun. Die Coupé moes “poseer” vir ‘n paar foto’s

Toe ek uiteindelik 'n end verder 'n parkeerplek kry, kom 2 jonger mans nader gestap en bewonder die kar. Hulle praat Hollandse Engels, maar slaan oor na Hollands toe ek sê ek is in Holland gebore. Hulle "vond de auto heel erg mooi", en het nog nooit so ‘n kar gesien nie. Weerens is daar fotos geneem het.

En so kom 'n naweek van uitstappies met die Rooi Coupé tot 'n einde. Dis altyd opwindend om die Coupé vir 'n uitstappie te neem-eintlik neem die Coupé ons vir ‘n uitstappie!!

Kees Beekman

# Tee saam met die Early Ford Club

Die Early Ford Car Club het die Borgward Klub genooi om 2 uur die middag saam met hulle te vergader, en daarna 'n lekker koppie tee met koek te geniet. Daar was 4 Borgwards wat op 'n afgebakende plek naaste aan die klubhuis geparkeer is - ‘n Bakkie, ‘n Coupé en 2 Isabella. Toe ons daar inry, was al die ander karre al weerskante van die pad opgestel -'n Dart, Zodiac, Anglia, Cortina bakkie, 2 Hudsons, 'n Porsche, Consul, Pontiac Strato Chief, Chevrolet, Vauxhall, Morris, Peugeot 404 en 2 Noag karre. Dit het gevoel of ons deur 'n erewag van karre gery het!

Ons is hartlik verwelkom deur die voorsitter, en daarna het ons eie Louis ‘n kort oorsig gegee oor die Borgward Klub, en volgende jaar se 60 ste bestaansjaar van die klub. Die 4 Borgward eienaars het toe elkeen 'n trofeetjie met die Early Ford Car Club se wapen daarop ontvang. Na 'n kort vergadering is ons toe trakteer op 'n lekker koppie tee met koek - dit was maar goed ons het nie die middag ‘n nagereg geëet nie!

Kees Beekman





# Uitstappie na Paarl de Ville September 2019

Louis was vasbeslote dat beide sy Borgwards 'n bietjie myle moet bykry en albei die uitstappie moet meemaak. Om egter met albei te kon ry moes hy nog 'n 6 volt battery iewers kry. Hennie Potgieter was so gaaf om sy D.K.W, se battery vir hom te leen'

Hy nooi toe vir Danie, ons jongste seun, en sy gesin saam om met die koepee te ry. Danie het dieselfde oggend aan 'n fietstoer deel geneem, maar Kirsten sy wederhelfte, was baie opgewonde om die motor te bestuur. Danie sal dan later by ons aansluit. Maar o wee die koepee het nie veiligheidsgordels nie en wat gemaak met die drie pragtige klein dogtertjies. Dit is toe dat Kirsten met plan B voor 'n dag kom. Al drie kry hulle fietsry valhelms op en daar gaan ons. Veiligheid eerste

Ons ontmoet vir Robert en Mary asook Johan de Villiers en Lucas by die roostuin. Saam ry die 4 motors tot by ons bestemming. Ons was skaars daar toe die Paarliete arriveer. Piet en Henriette Kotze met Hector en Ria Horn by hulle in die motor gevolg deur Dolf en Helena Tredoux met hulle dogter. Daar kom Duppie en Mariana met Dirkie, ons nuwe lid, kort op hulle hakke, Vanuit Malmesbury sluit Deon en Lizby van Zyl by ons aan. En laaste maar nie die minste nie kom Basie en Mariëtta van die Strand af by ons aan met sy koepee.

ln totaal 10 motors en 'n gesellige klomp Borgward vriende by mekaar wat heerlik kuier terwyl ons letterlik ure vir ons kos wag. Die kok moes blykbaar dorp toe jaag om nog 'chips' te gaan koop en behalwe vir dit het die kombuis personeel ook nie lekker saamgewerk nie!

Dit was 'n perfekte warm lente dag om al die Borgwards na die winter weer buite te kry en die stilstaan deur die winter maande af te skud. Die ouens wat op die Vreetsaam toer was asook Kees en Evert kon nie die uitstappie meemaak nie en het verskoning gemaak. Hoop ons sien julle almal by ons volgende uitstappie.

Tot dan.

Groete.

Rina van Jaarsveld



# Technical Tip




Clutch master cylinder kit

# Ons hou Concours

Sondag die 1 ste Maart 2020 het ons weer ons jaarlikse concours gehou by die klubhuis. Verwagtinge was groot dat ons 'n goeie getal motors teenwoordig sal hê. Met die vooruitsig dat ons by die sestigjarige viering volgende jaar 60 motors bymekaar kan sien, wou ons plaaslik so veel as moontlik vir beoordeling kry. Dieselfde sal dan deur die noorde gedoen word. Derhalwe sal die druk op die beoordelaars by volgende jaar se byeenkoms verlig word. Om 60 motors te beoordeel is 'n dag se taak. Pierre de Jongh en Robert Schepel het hul toe weer goed van hul taak gekwyt deur die 11 motors volgens die nuwe internasionale telkaart te beoordeel. Ons is jammer dat so min opgedaag het, aangesien van die beste motors tuisgebly het. Soos dit by elk van hierdie byeenkomste gaan, het almal hulself geniet. Ons moet melding maak van Maria de Jongh en Mary Schepel wat met die ondersteuning van die ander vroue die tafels mooi gedek het. Met braaivleis en slaaie as hoofgereg het ons die ete afgesluit met poeding. Basie Geldenhuys het vir ons gewys hoe dit gedoen moet word. Hy stuur twee motors, sy mooi wit stasiewa en die coupe. Hy het ander belange maar stuur sy twee kleinseuns met die motors. Lede het sertifikate ontvang vir hul motors se prestasies wat geldig is vir twee jaar.




**Dolf Tredoux**

# Foto's van die Concours



Louis oorhandig n geskenk aan Brenda Davies om dankie te se vir haar hulp met die sertifikate



Louis oorhandig n sertifikaat aan Gideon Geldenhuys



Louis oorhandig n sertifikaat aan Osmond Davies



Ons geniet n heerlike ete